Newsletter
Nuusbrief

July/Julie 2014

In the last newsletter I wrote about the heat and lack of rain. Now we are past the middle of the year and, thankfully, the rain did come and the grass grew wonderfully. This time it is freezing cold and we need to look at the positives - all the bugs are most certainly dead or dying from the cold and we look forward to the summer season with high hopes and great anticipation.

Raad / Council:

At the Annual General Meeting in April the following Council was elected:
Basil Butler (President) calcrete@wam.co.za 082 339 4502
Allan Botha (Vice President and Legal Advisor) baybot@botsnet.bw 0026 771 45 3547
Bruce McIntosh (Finance Portfolio) bruce@sizzling.co.za 082 339 5998
Danie Nieuwoudt flora@intelecom.co.za 083 302 1796
Peter Knipe pknipe@vodamail.co.za 082 947 0779

Please feel free to contact these members if you have any questions, complaints or need their advice or input. They were elected to serve the Society and are more than willing to do so.

Nampo:

Die belangstelling in die Senepol ras was vanjaar uitsonderlik, veral van Bonsmara telers. Dankie aan die lede wat diens gedoen het by die stalletjie en veral dankie aan die Liebenbergs wat die diere voorsien het. 'n Groot dankie aan Toks wat alles vir die stalletjie gedoen het en ook die hele week aan diens was. Dit is regtig 'n reuse opoffering en ek kan getuig daarvan dat hy saans pootuit was.

Ons grootste probleem is om nou diere in die mark te kry vir diegene wat wil koop. Terselfdetyd moet ons nie dat dit ons Nasionale Veiling negatief raak nie. Dankie aan die telers wat intussen laat weet het dat hulle diere, veral bulle, te koop het. Dit is op die Senepol webblad onder "For Sale" en hopelik sal almal goed verkoop.

Production Recording / Produksieaantekening:

Produksieaantekening is verpligtend gemaak vanaf 1 Julie 2013. Soos u sal sien in die verslag wat deur Stamboek uitgegee is en wat ek aan u gestuur het, is die Senepol se TKP (tussen kalf periode) die tweede slegste van al die rasse. Ons weet almal dat dit in werklikheid nie die geval is nie, maar wanneer geboortekennisgewings en ander papierwerk nie op datum is nie, het dit 'n negatiewe impak of die hele ras se syfers. Die gevolg daarvan is dat 'n verkeerde beeld van die ras se vermoë en doeltreffendheid uitgedra word en dit sal beslis voornemende kopers/telers na ander rasse laat kyk.

Kontak my asseblief as u hulp nodig het. Ek is bereid om na telers toe te ry om te help om hul boekwerk op datum te kry en om opleiding te gee oor boekwerk indien nodig. Ek doen dit in my private hoedanigheid en verhaal reiskostes teen R2-50/km en 'n dagfooi van R300. Indien ek verblyf moet betaal, sal die kostes ook van die persoon verhaal word.

U kan vir Siebert Vermeulen ook kontak vir hulp by siebert@studbook.co.za of sel 082 548 4608.

Journal/Joernaal:

The 2014 Journal was launched at Nampo again. I trust that all members have received their copy by now. Thank you to all who contributed to this journal. It is a team effort and members need to give their input. Photos remain a huge problem. Please make sure to send in photos during the course of the year so that there is less pressure on all of us in the short period just before the journal is published.

Planning of the 2015 journal has already begun, so please send in any articles, ideas, suggestions and photos as you get them. We strive to improve every year and this can only be done with the help of the members.

August 2014 Council Meeting/Raadsvergadering

The date for the next Council Meeting has been set for Thursday 07 August 2014. The meeting will take place at 4 p.m. at Chrischelle Guest House in Vryburg. If there are any matters you wish Council to address, please send them in to the office or to a Council Member in writing. Feedback will be given after the meeting.

Junior Inspekteurskursus / Junior Inspectors Course

'n Junior Inspekteurskursus sal op 8 en 9 Augustus aangebied word by die Calcrete stoet van Basil Butler in Vryburg distrik. Keith Ramsay en Charl Hunlun sal die aanbieders wees. Die kursus is nie slegs vir die twee junior inspekteurs nie, maar vir almal wat hulle kennis oor die ras wil verbreed.

Kostes beloop R500 per persoon en sluit kursusmateriaal, maaltye en verblyf in. Daar is egter beperkte verblyf beskikbaar en dus sal die aantal mense wat die kursus bywoon dienooreenkomstig beperk moet word. Plekke sal op 'n "first come, first served" basis toegestaan word. Bespreek asseblief so spoedig moontlik om u plek te verseker.

Nasionale Veiling / National Sale

Die Senepol Nasionale Veiling vind plaas op Saterdag 04 Oktober by Kroon Boma, Kroonstad. Alle diere wat ingeskryf is vir die veiling moet teen 12 n.m. op Donderdag 02 Oktober afgelewer word. Keuring van die veilingsdiere sal op Vrydag 03 Oktober om 10 v.m. plaasvind.

Onthou asseblief om vroegtydig goeie fotos te neem van u veilingsdiere vir gebruik op die advertensies, veilingspamflet en katalogus buiteblad.

Senepol Dinner / Dinee

The Annual Senepol dinner will be held at 6.30 p.m. on Friday 03 October. The place will be announced in due course. As usual the Senepol Herd of the Year trophy will be awarded to the winning stud during the course of the evening and the selected pages for adverts in the 2015 journal will be auctioned off to the highest bidder. Please make a note of this date and be sure to attend.

International Senepol Congress

This annual event will take place in Brazil from 1 to 5 September 2014. A special letter of invitation was addressed to the President of our Society. Hopefully he will be able to attend this congress and give us feedback about it at our Senepol dinner.

Food for Thought

People are made to be loved and things are made to be used.
There is so much confusion in this world, because people are being used and things are being loved.
(Anonymous)

'n Afskrif van die artikel wat in die nuutste OVK Tydskrif verskyn het

Senepol-dag te Circle C Ranch, Excelsior groot sukses

Pragtige beesras verder bekendgestel

Op Saterdag 12 April 2014 is 'n netjiese inligtingsdag oor beesboerdery by die pragtige Circle C Ranches van Kevin Cloete aangebied. Die fokus was op ekstensiewe beesboerdery en dan verder in besonder op die opwindende jong beesras wat baie mense aan die praat het, die Senepol. 'n Aantal Senepol-diere is vertoon en ook kruiskalwers met Senepols, almal pragtige funksionele diere.

Neels de Villiers, voorsitter van die Vrystaatse RPO, het 'n oorsig gegee oor die funksionering van die RPO en sy belangrike rol vir vleisprodusente terwyl Hendrik van Pletzen van Voermol gesels het oor bestuursriglyne vir die uitgroei van vervangingsverse. Danie Niewoudt, 'n Senepol-teler van Marquard, het sy ervaringe met verskeie beesrasse met die boere gedeel en beduie wat gelei het tot sy keuse van die Senepol as ras waarmee hy die pad uiteindelik loop. Keith Ramsay het eers 'n kort praatjie gegee oor strukturele eienskappe van die Senepol, opgevolg deur 'n praktiese demonstrasie in die vertoonring oor wat gesog is, en wat nie, in beeste. Al die sprekers was meesters van hulle vakterreine en hul aanbiedinge was prakties en vol waardevolle inligting.

Buite is 'n hele aantal diere vertoon, baie daarvan Senepol-kruiskalwers by verskillende ander beesrasse. Die boere het gekyk en gepraat en geluister, 'n pragtige leergeleentheid. Die dag is afgesluit met 'n heerlike ete.

Belangstellendes kan FANIE ELS skakel by 093 4097381.

- Berig en foto's: MC Fourie

Giving money and power to government is like giving whiskey and car keys to teenage boys

– P.J. O'Rourke, Civil Libertarian

Henk Vermaaten (Voermol), Fanie Els (Els Senepols), Danie Niewoudt (Ekland Agri Senepols), Keith Ramsay (Departement Landbou), Hendrik van Pletzen (Voermol), Neels de Villiers (Voorsitter, Vrystaatse RPO) en Kevin Cloete (Circle C Ranches)

Senepol telers uit Excelsior: SP Els, Stefan Nel, Boeta Bouwer, Fanie Nel, Fanie Els, Frans Nel

Een van Circle C se Senepol-bulle